"Meer heiligheid gee my" … met die oog op my naaste

Johann Symington

Hy erken die pad van die liefde is oop en moeilik, maar Johann Symington, leraar by die NG gemeente Andrew Murray bepleit 'n sagter spiritualiteit.

"Toe ek 'n klein seuntjie was, wou ek net heilig word om dan op die ouderdom van 11 jaar dood te gaan as 'n wit engeltjie en my ma te troos met die woorde dat sy nie oor my hoef te treur nie want ek gaan immers na Jesus toe." Michel van der Plas, wat al die jare by Elsjesrivier Weekblad gewerk het, was nie 'n besonder depressiewe kind met 'n buitengewone doodsdrang nie. Hy was maar net 'n doodgewone seuntjie wat groot geword het in 'n godsdienstige omgewing waar die ideaal was om gou by Jesus uit te kom. 'n Mens het geleef om so gou as moontlik te sterf.

'n Mens het geleef om so gou as moontlik te sterf.

Dit lyk asof die aarde en die mensheid in hierdie soort spiritualiteit wat die jong gemoed gevoed het, verwaarloosde entiteite was. Jou tyd op aarde was verspeelde tyd en moes verstaan word as 'n soort ballingskap waarin jy jou bevind. Die teologie van hierdie tyd het dit soort van onderskryf, deur na die lewe as "niks anders as 'n gestadige dood" te verwys nie. Die "wêreld is ons woning nie" was so oorheersend beleef dat heiligmaking alleen maar gekonsentreer het op 'n vertikaliteit wat die tydelike en die horisontale amper totaal geïgnoreer het. Tyd vir ander mense het kwalik bestaan, behalwe om met hulle in gesprek te gaan oor hulle geestelik lewe. Konteks en omstandighede was nie bepalend vir die gesprek nie, alleen maar die eindbestemming. Heiligheid en liefde was twee afsonderlike entiteite. Van der Plas sê, en ten regte dink ek, dat die "hagiografie die liefde verduister het". Persoonlike heiligmaking was doelwit nommer een.

Natuurlik is hierdie vir sommige van ons nie 'n vreemde soort van spiritualiteit nie. Weliswaar dink ek nie ons wou so gou die tydelike met die ewige verwissel soos Van der Plas nie maar die muurprent "De Brede en de Smalle Weg" het in 'n baie ooreenstemmende mate ons eie spiritualiteit gestempel. Alles wat na lekker gelyk het was verkeerd. Ook enige vooruitgang. Die kunste was boos. Geld ook. Die mense op die breë weg was 'n heerlike vrolike bont klomp wat optree asof die aarde 'n speelplek is. Van hulle moes jy wegbly …..want hulle was op pad hel toe. Daarteenoor was die mense op die baie steil pas hemel toe almal in wit geklee, sober en vroom. Die wêreld was 'n slegte plek , gereed om jou van jou siel te beroof.

Die gestrenge lewenshouding het

meegebring dat mens jou meer en meer van die wêreld wou afskei. Jy wou nie betrokke raak by menslike nood nie want dan sou dit jou aandag aftrek van jou uiteindelike doel. Jy was soos die priester en die Leviet besig met *hogere* dinge. Dit sou 'n interessante ondersoek uitmaak om te kyk of hierdie soort spiritualiteit nie daartoe bygedra het dat ons nooit die balk in ons eie oë gesien het in die apartheidsjare nie. Waar elkeen in sy hoekie en ek in myne was ongeag die lotsomstandighede.

Jy staan op om die dag en die wêreld met God se liefde te omarm en met sy deernis lief te hê.

Hierdie streng onthoudingsgerigte spiritualiteit verdien 'n mens se deernis. Al is dit dan net ook ter wille van die opoffering wat daarmee saam gaan. So ook die tante wat sterf met die verbete woorde: "sterk drank het nooit oor my lippe gevloei nie" of die ouderling wat elke partytjie in sy wyk persoonlik gaan opbreek het. Mens wonder net of hulle ooit ook die bevryding wat in die Evangelie opgesluit lê, verstaan het soos wat Jesus dit aan die onthoudingsgerigte gelowiges van sy tyd verduidelik het.

Hy het sokker, roomys en die lente ontdek en wou ten alle koste na elf nog lewe.

Want daar is ook 'n anderkant aan die Evangelie. Ja, die Evangelie het te make met die aflegging van die self, 'n kruising van die self maar met die oog op die Ander, naamlik God en jou naaste.

Jou lewe voor God kan ook beoefen word deur nie jouself van die wêreld af te sny nie, maar jou juis met die liefde van Christus aan die wêreld te wy. Nie wêreldmyding nie, maar juis wêreldwyding [Johan Heyns in die klas] of in die woorde van Elisabeth Eybers dat sy "alles aards kan aanraak en die onskone helder maak" Jy staan op om die dag en die wêreld met God se liefde te omarm en met sy deernis lief te hê.

"Wie liefhet het die ewige lewe" se Van der Plas. In hoeverre dit teologies verantwoord is weet hy nie, maar dit het hom langer laat bly lewe. Hy het sokker, roomys en die lente ontdek en wou ten alle koste na elf nog lewe.

Die eerste Christene het hulleself met moeite uit die wurggreep van die gestrenge juk gehaal. Telkens moes Paulus hulle herinner in sy briewe dat hulle uit die wet verlos is tot 'n dieper menslikheid ... soos die liefde vir jou vyand of slaaf wat weggeloop het. Hy wys hulle op die uitnemende weg … wat langer hou as profesie, uitdeel van goed, praat in tale, of selfs geloof en hoop. Hy herinner hulle daaraan om die lewe van Jesus Christus na te boots vir wie die werklik godsdienstige lewe 'n lewe van liefde was, 'n wegdraai van die self en voortdurende betrokkenheid by mense in nood sonder om, dalk juis daaroor, sy oog van Jerusalem af te wyk...

Omdat die pad van die liefde so oop en moeilik is, kies ons soms die pad van die wet. Dit lyk makliker. Maar in 'n wêreld waar rykdom so skrynend teenoor armoede staan, en reg teenoor onreg, is 'n sagter spiritualiteit wat loop in die spoor van Christus en gewortel is in sy liefde dalk vir nou die mees outentieke getuigskrif van wie en wat die Christendom verteenwoordig.

heiligheid